# UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

# Leer- en onderrigbeleid[1]

Implementeringsdatum: 2007
Hersieningsdatum: 2012

## AFDELING A: Beleid

### 1. Inleiding

Die Universiteit van Stellenbosch streef daarna om ook deur middel onderrig ’n bydrae tot die gemeenskap in die geheel te maak. Met **Visie 2012** verbind die Universiteit haar tot ’n uitwaartse rol binne Suid-Afrika en die res van Afrika, sowel as globaal, as ’n uitnemende akademiese instelling en gerespekteerde kennisvennoot wat bou aan die wetenskaplike, tegnologiese en intellektuele kapasiteit van Afrika en die speel van ’n aktiewe rol in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing. Deur middel van Visie 2012 verbind die Universiteit haar verder tot ’n kampuskultuur wat ’n diversiteit van mense en idees verwelkom en wat Afrikaans as onderrig- en wetenskapstaal in ’n meertalige konteks bevorder.

Uitmuntendheid word as die onderliggende waarde van alle voor en nagraadse leer- en onderrigprogramme aan die Universiteit gestel. In die Strategiese Raamwerk (April 2000) is die Universiteit se visie op die onderrigterrein soos volg geformuleer:

***’n Universiteit wat gekenmerk word deur onderrig van gehalte en die voortdurende vernuwing van onderrig- en leerprogramme en die skepping van effektiewe leergeleenthede / studiegeleenthede.***

Hierdie doelwitte sou nie haalbaar wees sonder kwaliteit onderrig nie. Die Universiteit plaas dus ’n hoë premie op die bevordering, erkenning en beloning van goeie, verantwoordbare onderrigpraktyk en erken die sleutelrol van dosente in die realisering van Visie 2012.

Verder het die hoër onderwysomgewing die afgelope paar jaar ingrypend verander, wat ons voor nuwe uitdagings in terme van die behoeftes van leerders te staan bring – nie alleen in terme van die tipe vaardighede wat deur die werksomgewing vereis word nie, maar ook wat betref die innoverende gebruik van tegnologie in die ondersteuning van leer.

### 2. Doel van die beleid

Die doel van hierdie beleid is om te verseker dat die wyse waarop leer en onderrig aan die Universiteit uitgevoer word die bogenoemde visie en oorkoepelende waardes ondersteun. Die beleid omvat die Universiteit se benadering tot leer en onderrig en skep ook ’n raamwerk vir die strategiese bestuur van leer en onderrig aan die Universiteit.

Een van die uitkomste van die leer- en onderrigbeleid is die aflewering van graduandi wat aan die profiel van die gegradueerde van die Universiteit Stellenbosch (soos geformuleer in ’n Senaatsbesluit, September 2001) voldoen, en wat onder andere die volgende ten doel het:

1. die vorming van ontwikkelde en gekultiveerde mense wie se potensiaal in diepte en breedte op gebalanseerde wyse so ver moontlik ontsluit is;
2. die opleiding en vorming van mense wat bekwaam en toegerus is vir die beroepslewe;
3. die vorming van mense wat aanpasbaar is en toegerus is vir lewenslange leer;
4. die vorming van mense wat ’n leiersrol in die samelewing kan speel as verantwoordelike en kritiese burgers in ’n demokratiese samelewingsbestel;

[1] Vervang die *Strategie vir Leer en Onderrig (2002-2004)*

5. die opleiding van mense wat bekwaam en toegerus is om deur hulle hoëvlak-vaardighede ’n rol te speel in die volhoubare en verantwoordelike ontwikkeling van die land en die samelewing en wat sodoende ’n bydrae lewer tot die welsyn en lewensgehalte van mense;
6. die vorming van mense wat toegerus is om effektief in ’n meertalige konteks te funksioneer[2].

Met hierdie doelwitte voor oë gee die beleid verdere inhoud aan een van die kernelemente van die visie van die Universiteit, naamlik “om nasionale en internasionale aansien te verwerf op grond van … die lewering van graduandi wat gesog is op grond van hulle afgerondheid en hul kreatiewe, kritiese denke.”

## 3. Leer- en onderrigbenadering

Een van die **boustene** vir die realisering van die Universiteit se visie op die terrein van onderrig en leer is die verbintenis wat die Universiteit Stellenbosch aangaan om steeds daadwerklik te beweeg na die daarstelling van ’n ***studentgesentreerde leer- en onderrigomgewing***, dit wil sê: leer staan sentraal tot die onderrigproses en dien as uitgangspunt vir die Universiteit se organisasie van leer en onderrig. In studentgesentreerde universiteitsonderwys maak die “oordrag van kennis”-benadering plek vir “onderrigaktiwiteite wat leer fasiliteer” en val die fokus op die aard, hoeveelheid en kwaliteit van die leer wat plaasvind.

Die dosent, as ’n fasiliteerder (’n “bemiddelaar” of ’n soort “bestuurder”) en innoveerder van die leerproses, is verantwoordelik vir die toepas van die US se benadering tot leer en onderrig binne sy/haar onderrigaktiwiteite. Dit behels onder meer (1) die organisasie van die leeromgewing om genoegsame doelmatige leer- en assesseringsgeleenthede daar te stel, (2) die inlig van studente ten opsigte van die Universiteit se benadering tot leer en onderrig, (3) ’n bewustheid van die verskillende akademiese steuninisiatiewe waarheen studente verwys kan word en (4) die skep van ’n toeganklike leeromgewing.

Die primêre verantwoordelikheid vir die leerproses lê egter by die student, wat moet verseker dat hy/sy vertroud is met die US se benadering tot leer en onderrig en ingelig is ten opsigte van die daargestelde leergeleenthede en die beskikbaarheid van gepaste akademiese steuninisiatiewe. Die student neem verantwoordelikheid vir sy/haar eie leer deur (1) die beskikbare leergeleenthede ten beste te benut, en (2) soos nodig by die relevante omgewings aan te klop om hulp. Die student het verder ’n verantwoordelikheid om versoeke vir die gee van terugvoer oor onderrig, modules en programme met die nodige erns te hanteer.

Deur die daarstelling van relevante beleid en sentrale aksies poog die Universiteit om ’n omgewing te skep waarin (1) die potensiaal van elke student ontgin en ontwikkel word, (2) doeltreffende studenteleer ondersteun en aangemoedig word terwyl daar (3) op geskikte wyse voorsiening gemaak word vir die ondersteuning van die Universiteit se diverse studentesamestelling. Verder is die Universiteit daarvoor verantwoordelik om effektiewe onderrig te erken en te beloon, te verseker dat studente en dosente vertroud is met die implikasies van die gekose benadering tot leer en onderrig en om binne die finansiële moontlikhede genoegsame geskikte hulpbronne ter ondersteuning van leer en onderrig beskikbaar te stel.

### 3.1 Uitgangspunte ten opsigte van leer en onderrig aan die Universiteit Stellenbosch

Met verwysing na die Universiteit se bestaande uitganspunte ten opsigte van leer en onderrig, soos vervat in verskeie institusionele dokumente, geld die volgende vir hierdie beleid.

**3.1.1** Die beleid spruit voort uit die hoë premie wat die Universiteit op **gehalte** plaas, ook in terme van leer en onderrig.

**3.1.2** Die beleid word **gerig deur die Universiteit se missiestelling en mandaat**.

**3.1.3** Die beleid poog om op konkrete wyse uitdrukking te gee aan die Universiteit se **waardes**. Dit wil dus spesifiek ook op onderriggebied uitdrukking gee aan die universitêre ideaal van uitmuntende wetenskapsbeoefening en die waardes wat daarmee geassosieer word.

[2] Punt 6 is tydens die konsultasieproses wat tot die opstel van hierdie beleid gelei het, bygevoeg.

**3.1.4** Die beleid beskou die **interaksie tussen navorsing en onderrig** en die **wedersydse verrykende uitwerking wat navorsing en onderrig op mekaar het,** as van sleutelbelang vir die Universiteit. Dit geskied egter nie los van die Universiteit se verbintenis (soos geformuleer in die missie) dat dit "tot voordeel van die gemeenskap aangewend kan word" nie, en impliseer dus dat **gemeenskapsinteraksie** (in een of ander vorm geïntegreerd met en voortspruitend uit navorsing en onderrig) ook deel van elke departement se dosente se taak is.

**3.1.5** Die beleid neem betroubare en resente resultate van **navorsing oor leer en onderrig in 'n universiteitskonteks** ernstig op.

**3.1.6** Die beleid neem aan dat **e-leer 'n integrale deel uitmaak van die leeraanbod** in alle programme, nie alleen in terme van die beskikbaarstelling van inligting en interaktiewe leergeleenthede nie, maar ook om studente vertroud te maak met alle aspekte van die kennissamelewing.

**3.1.7** Die beleid is **holisties** en het betrekking op die studente, die dosente en die Universiteit se ondersteunings- en bestuursdienste, asook op alle modules en leer- en onderrigprogramme.

**3.1.8** Die beleid neem die **beperkinge van oorhoofse beplanning** deeglik in aanmerking en probeer dus 'n gesonde en sinvolle balans tussen sentralisasie en desentralisasie in die plasing van funksies en verantwoordelikhede te handhaaf.

**3.1.9** Die beleid neem ook aan dat alle ondersteuningstoerusting, soos biblioteke en laboratoria, ook 'n integrale deel van die leeraanbod in alle programme uitmaak.

## 3.2 Bepalings van hierdie beleid

Bykomende tot bogenoemde leer- en onderriguitgangspunte aan die Universiteit, hou die beleid ook die volgende bepalings voor.

Bevordering van gehalte-onderrig:

**3.2.1** Dat daar genoegsame, geskikte geleenthede vir die bevordering en ontwikkeling van gepaste onderrigvaardighede vir doseerpersoneel in alle omgewings (bv. Stellenbosch-, Bellville- en Tygerbergkampus, asook die Fakulteit Krygskunde) bestaan;

**3.2.2** Dat doseerpersoneel die geleentheid gegun sal word om, soos nodig, van bogenoemde voorsiening gebruik te maak;

**3.2.3** Dat daar tydens die evaluering van onderrig van 'n verskeidenheid inligtingsbronne en bewyse gebruik gemaak behoort te word, insluitend die indikatore vir gehalte-onderrig[3];

**3.2.4** Dat studenteterugvoerresultate slegs ter ondersteuning van ander bronne van inligting aangewend behoort te word en nooit as die primêre bron van inligting oor onderrig nie;

**3.2.5** Dat die gebruik van 'n professionele of onderrigportefeulje tydens die evaluering van onderrig, veral waar permanente aanstelling of bevordering ter sprake is, sterk aanbeveel word;

**3.2.6** Dat daar in die geval van dosente ook gelet word op die integrasie van die drie akademiese rolle, nl. navorsing, voor- en nagraadse onderrig en gemeenskapsinteraksie, in die ooreenkoms tussen die dosent en die departementele voorsitter;

**3.2.7** Dat daar daadwerklik beweeg word na die skep van geleenthede vir die beoefening van 'n professionele onderrigloopbaan gebaseer op AVOL-beginsels, insluitend navorsing oor onderrig[4];

**3.2.8** Dat samehang tussen deurvloei en standaarde (gehalte) as 'n uitgangspunt by onderrig en leer dien;

Bevordering van effektiewe leer:

---

[3] Hierby ingesluit inligtingsbronne wat tans deur die Taakgroep vir die Statuur van Onderrig en Leer oorweeg word.

[4] "The scholarship of teaching and learning" – "die Akademieskap van Onderrig en Leer" (AVOL) van Boyer, Boyer, E. L. 1990. Scholarship Reconsidered: Priorities of the Professoriate, Carnegie Foundation for the Advancement of Teaching, Princeton, NJ

**3.2.9** Dat daar tydens module- en programbeplanning gelet sal word op die beskikbaarstelling en optimale benutting van breë sowel as gefokusde vorme van akademiese ondersteuning oor die spektrum van studente se uiteenlopende en spesiale leerbehoeftes;

**3.2.10** Dat daar 'n beredeneerde poging aangewend sal word om studente op hul eie vlak te ontmoet en van daar te begelei - byvoorbeeld via ondersteuning van eerstejaarstudente deur die Eerstejaarsakademie-inisiatief;

**3.2.11** Dat daar daadwerklik aandag gegee sal word aan die daarstelling van vroeë waarskuwingstelsels vir die uitwys van risikostudente;

**3.2.12** Dat daar op fakulteitsvlak aandag gegee word aan studentesukses met betrekking tot oorhoofse sowel as spesifieke sukseskoerse; en

**3.2.13** Dat studente daadwerklik ingelig word oor redes vir en praktiese implikasies van die Universiteit se verbintenis tot 'n studentgesentreerde benadering tot onderrig en leer.

Finansiële ondersteuning:

**3.2.14** Dat geoormerkte fondse, sover moontlik, beskikbaar gestel word vir die aanspreek van studente se uiteenlopende en spesiale leerbehoeftes; en

**3.2.15** Dat fondse, sover moontlik, beskikbaar gestel word vir die ontwikkeling van dosente se onderrigvaardighede, asook vir die erkenning en beloning van gelhalte-onderrig.

## 4. Leer- en onderrigfasette wat onder andere in die volgende dokumente gedek word:

1. Assesseringsbeleid
2. Studenteterugvoerbeleid
3. Beleid insake moduleraamwerke en studiegidse
4. Beleid insake leermateriale[5]
5. Taalbeleid en -plan
6. Reglement vir interne en eksterne moderering
7. Pligte en verantwoordelikhede van programkoördineerders en programkomiteevoorsitters
8. Die beleid vir Assessering en Erkenning van Voorafleer (AEVL)
9. Prestasie-indikatore vir die meting van gehalte-onderrig[4]
10. Diensleerbeleid en -raamwerk
11. Interim-benadering m.b.t. die hantering van plagiaat
12. Intellektuele Eiendomsbeleid

## 5. Implementering

Hierdie beleid gaan van die standpunt uit dat die leer- en onderrigverantwoordelikhede aan die Universiteit deur die partye hieronder genoem, gedeel word en dat hulle dus vir die implementering daarvan verantwoordelik is.

Die beleid aanvaar dat kundigheid met betrekking tot leer en onderrig in die eerste plek in die Fakulteite gesetel is. Studente se sukses hang egter af van die simbiose van verskeie aspekte van die leer- en onderrigproses, waarin verskillende rolspelers 'n belangrike bydrae lewer. Uiteindelik vorm hierdie rolspelers 'n span vennote wat uitnemendheid by die Universiteit verseker.

### 5.1 Rolspelers

**5.1.1 Rolspelers in die studentekorps**
Die student
Die Akademiese Belangeraad

**5.1.2 Rolspelers in die akademiese omgewing**
Die dosent (ook die wat op deeltydse-/sessiebasis aangestel is)

---

[5] Konsepdokument.

Die programkoördineerder
Die fakulteit se programkomiteevoorsitter
Die departement / modulespan
Die dekaan
Die fakulteit

**5.1.3 Rolspelers op die institusionele vlak**
Die Komitee vir Leer en Onderrig
Die Akademiese Beplanningskomitee

**5.1.4 Rolspelers uit die steunomgewings**
Die Afdeling Akademiese Beplanning en Gehalteversekering
Die Afdeling Akademiese Steun

**5.1.5 Rolspelers uit die beroep- en werkgewersomgewing**

## 5.2 Monitering van die beleid

Hierdie beleid ressorteer onder die Viserektor (Onderrig), wat deur middel van 'n jaarlikse onderrigverslag aan die Senaat oor die stand van leer en onderrig aan die Universiteit rapporteer. Die implementering van hierdie beleid geskied deur middel van die Viserektor (Onderrig) se Onderrigbestuursplan, waarin die toepaslike bestuurs- en moniteringstrukture, sowel as die strategiese fokusareas en operasionele prioriteite op die gebied van leer en onderrig uiteengesit word en wat jaarliks hersien word, na oorleg met alle betrokke rolspelers.

Die jaarlikse hersiening van die Onderrigbestuursplan is die verantwoordelikheid van die Viserektor (Onderrig) en die Onderrigbestuurspan, terwyl die Viserektor (Onderrig) en die Komitee vir Leer en Onderrig verseker dat die Leer- en Onderrigbeleid soos nodig hersien en geëvalueer word.

Die evaluering van onderrig geskied deur middel van die bestaande Gehaltebestuursprosesse.